

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

S v Matlhobe (409/2010) [2010] ZAFSHC 119 (26 August 2010) [2010] ZAFSHC 119

COURT

Free State High Court, Bloemfontein

BEFORE

P. Daffue, S.P.D. Hancke

CASE / FILE NUMBER

409/2010

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Hersiening Nr.: 409/2010

In die hersiening tussen:

DIE STAAT

en

TEBOHO VINCENT MATLHOBE

CORAM: HANCKE, WND RP et DAFFUE, WND R

UITSPRAAK: DAFFUE, WND R

GELEWER OP: 26 AUGUSTUS 2010

[1] Die beskuldigde is skuldig bevind aan die misdryf van strafbare manslag in die streekshof te Bloemfontein.

[2] Op 21 Julie 2010 is die beskuldigde soos volg gevonnissen:

“Ingevolge in terme van (sic) Artikel 276(1)(b) van Wet 51/1977 gevonnissen vir 5 jaar gevangenisstraf in terme van Artikel 276(1)(i) van Wet 51/77. In terme van artikel 103(1) van Wet 60 van 2000 word die beskuldigde onbevoeg verklaar om ‘n vuurwapen te besit.”

- [3] Die betrokke streekshoflanddros wat bogemelde vonnis opgelê het, het besef dat die vonnis onsinnig is en het soos volg rapporteer aan die Streekshof President:

“Ek is respekvol van mening dat die vonnis opgelê vir betrokke beskuldigde op 22/07/10 (sic) kontrasterend is en versoek u eerbiediglik om die oorkonde vir spesiale hersiening te verwys. My doel met die oplegging van die vonnis was om gevangenisstraf ingevolge artikel 276(1)(i) van Wet 51/77 soos gewysig op te lê.”

- [4] Die waarnemende Streekshof President het dit in ‘n skrywe aan die Griffier van hierdie hof duidelik gemaak dat die vonnis nie deur die Departement van Korrektiewe Dienste uitgevoer kan word nie. Hy ondersteun dan ook die streekshoflanddros se versoek dat die vonnis op hersiening gewysig word.
- [5] Wanneer ‘n beskuldigde gevangenisstraf in terme van artikel 276(1)(i) opgelê word, kan hy/ sy na goëddunke deur die Kommissaris van Korrektiewe Dienste of ‘n paroolraad onder korrektiewe toesig uitgeplaas word onderhewig aan die bepalings van artikel 73(7) van die Wet op Korrektiewe Dienste, Wet 111 van 1998. In teenstelling daarmee kan iemand wat gevangenisstraf in terme van artikel 276(1)(b) opgelê word sonder die keuse van ‘n boete, slegs in sekere gevalle ander korrektiewe toesig uitgeplaas word op aansoek na die hof en die vonnis gunstig heroorweeg is.
- [6] Ek aanvaar dat gegewe die feit dat die beskuldigde aan strafbare manslag skuldig bevind is sowel as die beskuldigde se persoonlike omstandighede, die streekshoflanddros bedoel het om die omskakeling van sy vonnis van korrektiewe toesig in die diskresie van die Kommissaris of die paroolraad te laat soos bedoel in artikel 276(1)(i).

- (7) Bygevolg word die vonnis ter syde gestel en vervang met die volgende:

“Beskuldigde word gevonnisd tot vyf jaar gevangenisstraf opgelê ingevolge die bepalings van artikel 276(1)(i) van Wet 51 van 1977, welke vonnis geag word opgelê te gewees het op 21 Julie 2010. In terme van artikel 103(1) van Wet 60 van 2000

word beskuldigde onbevoeg verklaar om ‘n vuurwapen te besit.”

P. DAFFUE, WND R

Ek stem saam.

S.P.D. HANCKE, WND RP

/eb

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAFSHC/2010/119.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/s-v-matlhobe-unknown-topic-afshc-2010>

Prepared on 9 October 2026 · Esheria